polokwane OBSERVER

Macadamia @ THE ALOES
ASSISTED LIVING ESTATE

PHOTOS: MARKI FRANKEN

Die span agter Macadamia @ The Aloes se sukses is voor, Karien van Rensburg, Macadamia Care Polokwane versorgingsbestuurder. Agter is Louis van Rooyen, ontwikkelaar, Ansie Marais, Fine & Country Polokwane prinsipaal, Paul Altenroxel, ontwikkelingsdirekteur, en Rob Jones, direkteur van MacCare NPC.

Macadamia @ The Aloes Sorgsentrum by Aloes Lifestyle Estate geopen

>> Begin met basiese dienste, betaal vir bekostigbare ekstra dienste soos nodig
>> Geheuesorgsentrum in ontwikkelingsfase

MARKI FRANKEN
>>marki.observer@gmail.com

Gaste wat verlede Woensdag die amptelike opening van die Macadamia @ The Aloes se Sorgsentrum, wat deur Macadamia Care gefassiliteer word, bygewoon het, was beïndruk met die innovering van die sentrum sowel as die billike prysstrategieë en opsies wat beskikbaar is.

Macadamia @ The Aloes is 'n aftree-oord wat deel van The Aloes Lifestyle Estate is en is ideaal geleë in die ontwikkelende oostelike voorstede van Polokwane, naby Thornhill Winkelsentrum en Mall of the North, met die afrit na die oord wat vanuit Veldspaatstraat draai.

Die oord is 'n moderne, elegante en luukse woongebied in eie reg waar pragtige tuine en grasperke oor die uitspansel van die eiendom strek en aan inwoners geleentheid en vryheid bied om rond te beweeg sonder om ingeperk te voel.

Ontwikkelingsdirekteur van Macadamia @ The Aloes, Paul Altenroxel, het gaste verwelkom en die ontwikkeling- en verkoopspanne vir hul insette en belegging in die toekoms bedank. Hy het ook verduidelik dat die sorgsentrum in die proses is om as niewinsgewende trust geregistreer te word met inwoners as begunstigtes. "Daar is dus geen aandeelhouers nie en niemand behalwe die inwoners word bevoordeel nie," het hy gesê voordat hy plaaslike leraar, Henk Joubert, aan die woord gestel het.

Joubert het uit Handelinge 2 voorgelees en verduidelik dat die vroeë kerk se lede mekaar bygestaan het, net soos wat die inwoners van Macadamia @ The Aloes mekaar onderskraag. Hy het die sorgsentrum geloof en gesê dat die fasiliteite uitstekend is en die personeel waarlik vir elke inwoner omgee.

Daarna het Petra van Wyk, wat saam met haar man, Willie, die eerste eienaars van 'n eenheid in Macadamia @ The Aloes was, amptelik die lint geknip en die sorgsentrum oop verklaar.

Ansie Marais, prinsipaal van Fine & Country Polokwane, die eiendomsagentskap wat Macadamia @ The Aloes-pakette bemark, het verduidelik dat daar verskeie eienaarskapmodelle is waarvolgens mense hul plek in die son by die oord van verseker. Hieronder val erwe waarop na die eienaar se smaak gebou kan word, volle eienaarskap, deeltitelopsies en lewensreg. Vir meer inligting kan Marais of een van Fine & Country se agente by 015 297 2846 geskakel word.

Die Macadamia @ The Aloes-program begin met 'n minimumskaal van dienste wat 'n noodknoppiestelsel, kliniekdienste, 'n daaglikse hoofmaaltyd asook wasgoed en skoonmaakdienste insluit. Addisionele dienste soos ekstra maaltye, bystand om in en uit die bed te kom en vele ander tipes bystandsorg kan teen bekostigbare pryse bygevoeg word.

Marais het aan die hand van eie ondervinding gewaarsku dat mense nie te lank moet wag voordat hul hul plek in die oord te verseker nie. "Selfs al koop mens 'n eenheid terwyl jy nog nie gereed is om af te tree nie, kan dit altyd verhuur word want ons kan nie voorbly om plek aan huurders te verskaf nie.

"Daar kom 'n punt waar jy so verswak dat jy bloot nie na jouself kan omsien nie. Jou kinders sal ook nie die nodige mediese kennis of tyd hê om jou te versorg nie. Moenie dit aan jou kinders doen nie, maak nou al 'n plan," het sy gepleit en bygevoeg dat Macadamia @ The Aloes kleinhondjievriendelik is en dat mense nie van hul geliefde diere geskei sal word indien dit verhoed kan word nie.

Rob Jones, direkteur van MacCare NPC en kenner op die gebied van aftrede het laaste aan die beurt gekom om oor lewensreg (sien storie elders) en Geheuesorg te praat.

"Ons besef dat mense weens mediese vooruitgang al hoe langer lewe en dat die kans om breinverwante siektes soos dimensie te ontwikkel eksponensieël verhoog namate jy ouer word. Daarom raak die kanse dat almal van ons eendag een of ander Geheuesorg sal moet kry al hoe groter," het hy verduidelik.

Volgens Jones is daar nie tans in Polokwane ideale behuising vir bejaardes wat aan dimensie of verwante siektes ly nie. "Tydens ons navorsing het ons gevind dat die verblyf dikwels onpersoonlik en beperk is. Daarom het ons argitekte aangestel om die beste moontlike benadering tot dimensiesorg te ontwerp. Die eenhede sal gemeenskaplike areas hê waar die bejaarde nog sosiaal kan verkeer en selfs take wat hul self kan verrig, soos om koffie te maak of te help kosmaak, kan hanteer. Daar sal egter ook privaatspasie wees waar die bejaarde met deernis en waardigheid versorging kan ontvang. Bowenal sal daar veilige spasies wees waar die bejaardes vry buite kan beweeg."

Argitekte is tans besig om planne vir Geheuesorgeenhede in Mbombela en Polokwane op te trek.

Jones het ook die vooruitgang in die administratiewe en finansiële sisteme van Macadamia Care en die Sorgsentrum geloof en gesê dit sal interaksie tussen die sentrum se personeel en inwoners verbeter.

"Die Macadamia Care-span is ook besig om houdings oor aftrede en bejaardesorg op regeringsvlak aan te spreek en te verbeter. Ek is baie opgewonde om deel van 'n span te wees wat aan die voorpunt van die bedryf staan en steeds elke dag werk om vooruitgang te verseker."

Die verrigtinge is met heerlike versnaperinge en 'n optrede deur Die Bosvellers-boereorkes afgesluit en belangstellendes kon skou-eenhede saam met die agente van Fine & Country besoek.

Die span van Fine & Country Polokwane wat Macadamia @ The Aloes-pakette bemark is Mariëtte Cargneluti, Theresa Courtinho, Hannetjie Alcock, Patsy Campbell en Ansie Marais, prinsipaal.

Petra en Willie van Wyk is die eerste paar wat eiendom in Macadamia @ The Aloes gekoop het.

Petra van Wyk verklaar Macadamia @ The Aloes se Sorgsentrum amptelik oop.

Hester Vermeulen, Glaudie Thiart en Johanna Crafford woon die Sorgsentrum se opening by.

Die dekor van die Sorgsentrum by Macadamia @ The Aloes spreek van moderne elegansie.

Tafels vol keurig voorbereide happies het smaak aan die opening van die Sorgsentrum verleen.